

**Sandstone Estates naby Ficksburg vanuit die lug.** Foto: WWW.STARSOFSANDSTONE.COM/PIERRE JORDAN

# Kry 'n ander blik op O-Vrystaatse prag

## Sandstone Estates: Kom ry in 'n stoomtrein, Samil 20 of op 'n ossewa

Hoewel die volgende Stars of Sandstone, 'n internasionaal erkende erfenis- en stoomfees, eers weer volgende jaar gehou word, is Sandstone Estates naby Ficksburg die hele jaar oop vir besoekers.

Boonop is daar in die nabye toekoms twee spesiale stoomgeleenthede – die eerste is vir die Erfenisdag-langnaweek op Saterdag 22 September en die tweede is op 16 en 17 November tydens die jaarlikse Kersiefees in Ficksburg.

Op hierdie spesiale stoomnaweke kan besoekers tussen twee opsies kies. Die Mountain Wanderer strek oor die volle 26 km-spoorlyn en begin en eindig by die Hoekfontein-stasie op die landgoed. Die Lesotho Meander begin ook by Hoekfontein, ry in die rigting van Grootdraai teen die Lesotho-grens en draai dan terug.

Besoekers kan op stoomtreinritte op die landgoed se 26 km lange stoomtreinspoor gaan terwyl hulle die tipies Oos-Vrystaatse natuur op dié produksieplaas geniet. Pragtige uitsigte op die Malutiberge, volop voëllewe en selfs troppe springbokke en blesbokke verryk die stoomtreinervaring.

Op Sandstone Estates is egter veel meer om te doen as net stoomtreinritte. 'n Staptoer van sowat twee uur neem besoekers na die internasionaal gerekende erfenis- en militêre uitstallings. Die staptoer neem die besoeker na die trekkerversameling, spoorwerkwinkels, straatlokomotiewe, busse, motors, militêre voertuie en veel meer.



**Die NGG13 49 vroegoggend op Sandstone Estates in die Oos-Vrystaat.**
Foto: WWW.STARSOFSANDSTONE.COM/DAVE RICHARDSON

As jy nie lus is om te stap nie, verken die plaas op 'n trekker en wa. Onderneem 'n stadige rit op 'n ossewa getrek deur 'n span afrikanerosse, of ry in 'n militêre voertuig soos 'n Samil 20, 'n Willys Jeep Casspir of selfs 'n Shermantenk. As 'n groep groot genoeg is, kan 'n militêre konvooi deur die platteland saamgestel word.

Seb's Railway, 'n spesiale spoor van 2,4 km lank, is uitsluitlik vir die jongspan aangelê. Hiervoor word die vloot kleiner lokomotiewe gebruik.

Op die plaas is ook 'n winkel waar aandenkings gekoop kan word, en besoekers kan ook hier in tente of woonwaens kom kampeer. Hier is ook 'n kafeteria wat etes soos spitbraaie, potjiekos en braaivleis voorsit.

■ Stars of Sandstone word volgende jaar van 4 tot 14 April hier aangebied.

### Kortliks

■ Sandstone het die grootste versameling 2-voet-spoorwydtelokomotiewe in die wêreld. Hier is meer as 50 lokomotiewe waarvan meer as 30 in werking is. Die Sandstone-vloot het ook meer as 300 spoorwaens.
■ 'n Versameling van meer 500 plaaswerktuie kan op die plaas gesien word.
■ Die landgoed se versameling sluit vragmotors, busse, ou motors en motofietse in. Die versameling Ford-motors alleen strek oor 100 jaar.
■ 'n Nuwe museum vir statiese enjins is onlangs geopen.

# Ter ere van 'n strydros



**Schalk Erasmus by die graf van sy oupagrootjie op die plaas Luipardspoort, op die grens van Jagersfontein en Petrusburg.**

Die lewe en voorbeeld van sy oupagrootjie Johannes Jacobus Erasmus (Lang Hans of Wit Hans, soos hy bekend gestaan het), was vir Schalk Erasmus van Kroonstad só 'n inspirasie dat hy besluit het om die oorgroeide graf van dié oupa Hans in ere te herstel. Die graf is in 'n familiekerkhof op die plaas Luipardspoort, op die grens van Jagersfontein en Petrusburg.

Ná Slagtersnek het oupa Hans se pa, 'n veldkornet, uit Graaff-Reinet getrek om saam met Piet Retief verder te trek. Oupa Hans was ses jaar oud tydens die Slag van Bloedrivier.

Omstreeks 1845 het hy hom op die plaas Armoedsfontein (distrik Jagersfontein) en later op die plaas Luipardspoort gevestig.

Hans Erasmus was kommandant in die Eerste Vryheidsoorlog (1888) en was ook betrokke by die Jameson-inval by Rooihuiskraal. Hy was veldkornet en vrederegter in die Middenveld (van Fauresmith, Jagersfontein, Edenburg tot by Bloemfontein).

Hy is in Mei 1896 ná 'n skietoefening op die plaas De Put oorlede. Hans het 'n hartaanval gehad en van sy perd af geval.

Die grafsteen is as monument opgerig ter ere van Johannes Jacobus Erasmus deur sir Laurens van der Post se vader, Christiaan Willem Hendrik van der Post.






**Lorchen Bremer van Hennenman se spogtuin is ook een van die tuine wat besoek kan word.** Foto's: VERSKAF



**Tuinliefhebbers kan ook die tuin van Hettie en Billy Burls van Welkom besoek.**

# Goudveld-tuiniers nooi almal uit

**Molly Green**

Van lowergroen blomryke tuine met interessante fokuspunte tot kombuistuine sal vanjaar te siene wees op die jaarlikse skoutuingeleentheid, wanneer tuine oor die Goudveld heen vir belangstellendes oopgestel word.

Die skoutuinprojek word op Saterdag 27 Oktober aangebied en beloof om 'n hoogtepunt op die jaarlikse kalender van die Goudveld te wees. Belangstellendes sal tussen 08:00 en 16:00 gratis na die tuine kan gaan kyk.

Ingrid van der Walt, een van die organiseerders, sê die skoutuingeleentheid in 2017 was so 'n groot sukses dat besluit is om dit weer aan te bied. Wye belangstelling heers onder geesdriftige tuiniers.

Tuine in Hennenman, Welkom en omliggende gebiede sal vir die publiek oopgestel word.

"Besoekers kan individualiteit van elke tuin verwag. En glo my, die Goudveld spog met indrukwekkende tuine," sê Ingrid.

Die deelnemende tuine wissel van nuut gevestigde tuine tot gevestigde tuine. Daar sal ook inspirerende kombuistuine wees asook sjarmante tuine met treffende fokuspunte.

Die tuin van Elize en John Donovan sal weer oop wees. 'n Kunsuitstalling sal deel daarvan wees asook 'n koekverkoping ten bate van die Dierebeskermingsvereniging.

Meer besonderhede oor al die tuine sal binnekort beskikbaar wees.

"Ons hoop om vanjaar weer baie tuinliefhebbers en buiteluggeesdriftiges te verwelkom vir vars lug en tuininspirasie, sê Ingrid.

Bel Ester van der Walt by 057 392 1940.